# VILLIERSDORP PRIMÊRE KOÖPERASIE BEPERK

REGISTRASIENOMMER: 1990/000002/24

---

# STATUUT

**DESEMBER 2022**

*[Hierdie is die Statuut van die koöperasie bekend as **Villiersdorp Primêre Koöperasie Beperk**.]*

**INHOUD** **BLADSY**


| | |
|---|---|
| Inleiding | 5 |
| Woordomskrywing | 5 |
| Naam | 8 |
| Besigheidsplekke | 9 |
| Doelstellings | 9 |
| Bevoegdhede | 9 |
| Lidmaatskap | 10 |
| Aansoek om Lidmaatskap | 10 |
| Verkryging van Lidmaatskap | 10 |
| Lederegister | 11 |
| Uitreiking van Aandele | 11 |
| Aandelesertifikaat | 11 |
| Aanspreeklikheid van Lede | 12 |
| Bonusaandele | 12 |
| Oordrag van Aandele | 13 |
| **Intrekking van Aandele** | 13 |
| ▪ Intrekking by staking van boerdery | 13 |
| ▪ Intrekking by afsterwe of sekwestrasie/likwidasie van boedel | 13 |
| ▪ Intrekking wanneer lid onaktief is | 14 |
| ▪ Bedanking | 14 |
| ▪ Skorsing en uitsetting | 15 |
| ▪ Tugmaatreëls | 16 |
| Aanspreeklikheid ten Aansien van Verbeurde Aandele | 16 |
| **Raad van Direkteure** | 17 |
| ▪ Bestuur van Koöperasie | 17 |
| ▪ Persone onbevoeg om direkteur te word | 17 |
| ▪ Ampstermyn | 18 |
| ▪ Skriftelike nominasie van direkteure | 18 |
| ▪ Stemming vir direkteure deur lede | 19 |

- Register van direkteure 19
- Tussentydse vakature op Raad 19
- Ampsontruiming 19
- Direkteur kan van sy amp onthef word 20
- Voorsitter en ondervoorsitter van Raad 20
- Ampsontruiming deur voorsitter en ondervoorsitter 21
- Vergadering van Raad 21
- Belange by kontrakte 22
- Register van belange in kontrakte 22
- Notule van vergaderings 22
- Bywoningsregister 23
- Vergoeding 23
- Reëls en Boetes 23
- Delegering van bevoegdheid aan 'n komitee 24
- Versekering 25

**Vergadering van Lede** 25

- Kennisgewing van algemene vergadering 28
- Verteenwoordiging van regspersone op algemene vergaderings 28
- Volmagte 29
- Kworum 30
- Voorsitter van algemene vergadering 31
- Stemming van lede 31
- Spesiale besluit 32
- Notule van algemene vergadering 33

Bevoegdheid om Lenings te sluit 34

Beperkings ten aansien van Onversekerde Lenings 34

Aanvaarding van Bedrae betaalbaar aan Lede as Lenings 36

Bankrekening 36

**Boekjaar** 36

- Finansiële rekords 36
- Finansiële jaarstate 37

Ouditering 37

Surplus 37

| | |
|---|---|
| Uitbetaling van Bonus | 38 |
| Uitgestelde Bonusbetalingsfonds | 39 |
| Verdere bepalings ten opsigte van aandele en ledefondse | 41 |
| Beveiliging van Ledefondse van die Koöperasie | 41 |
| Lewering van produkte | 42 |
| Betaling aan Lede | 43 |
| Heffing op Koring en Wintergraan | 47 |
| Verskaffing van benodighede aan Lede | 47 |
| Wysiging van statuut | 47 |
| Aanstelling van komitee deur lede | 47 |
| Skeidsregter | 48 |
| Mediasie / Arbitrasie | 48 |
| Algemeen | 49 |
| Likwidasie | 49 |
| Vervanging van Statuut | 49 |

**XxXxX**

# VILLIERSDORP PRIMÊRE KOÖPERASIE BEPERK

# STATUUT

1. Hierdie is die statuut van 'n onderneming aanvanklik opgerig kragtens die bepalings van die Koöperasiewet, Wet 91 van 1981 en wat as 'n **primêre landbou koöperasie** met beperkte aanspreeklikheid sal bly voortbestaan onder die Koöperasiewet, 14 van 2005, soos gewysig.

**WOOROMSKRYWING**

2. In hierdie statuut, tensy dit uit die samehang anders blyk, het 'n woord of uitdrukking waaraan 'n betekenis geheg is in die Koöperasiewet, 2005 (Wet 14 van 2005) 'n ooreenstemmende betekenis en beteken –

**"aktiwiteitsplan"** ‘n dokument deur die raad opgestel vir voorlegging aan die lede by die koöperasie se jaarlikse algemene vergadering, waarin die koöperasie se operasionele en finansiële doelstellings vir die volgende finansiële jaar uiteengesit moet word, insluitend:

- Duidelike besigheidsdoelwitte met motivering aangaande die haalbaarheid van voormelde doelwitte;
- Aanwending van fondse in die koöperasie.

**"Artikel"** die ooreenstemmende Artikel van die Wet;

**"bedryfsmaatskappy"** ‘n maatskappy of ander entiteit wat met of deur die tussenkoms van die Koöperasie transaksies met die Koöperasie en/of die Koöperasie lede doen, ter uitvoering of bevordering van ‘n bepaalde doelstelling/s van die Koöperasie.

| | |
|---|---|
| **"die Wet"** | die Koöperasiewet, 2005 (Wet 14 van 2005), soos van tyd tot tyd gewysig; |
| **"distribusieskema"** | Die Koöperasie kan voorsiening maak vir die betaling van bonusse aan sy lede volgens 'n distribusieskema, deur die Raad bepaal, waardeur die bedrag wat uit die surplus vir die betaling van bonusse beskikbaar is eers toegewys word ten opsigte van die verskillende doelstellings in die Koöperasie se Statuut uiteengesit en wat deur die Koöperasie of een van sy bedryfsmaatskappye uitgevoer is gedurende die boekjaar waarop die surplus betrekking het, in dieselfde verhouding as dié waarin die werksaamhede van die Koöperasie en/of bedryfsmaatskappy met betrekking tot die verskillende doelstellings elk tot die betrokke surplus bygedra het, en die bedrag van elke toewysing dan afsonderlik tussen die lede verdeel word:<br><br>a) in die geval van 'n bedrag aldus toegewys ten opsigte van doelstellings wat meebring dat die Koöperasie se lede transaksies met die Koöperasie of deur die tussenkoms van die Koöperasie doen, volgens klandisieverhouding;<br><br>b) in die geval van 'n bedrag aldus toegewys ten opsigte van 'n doelstelling wat nie meebring dat die Koöperasie se lede transaksies met die Koöperasie of deur die tussenkoms van die Koöperasie doen nie, volgens 'n grondslag deur die Raad bepaal; |
| "**elektroniese kommunikasie**" | sluit in "elektroniese kennisgewing" en enige vorm van elektroniese oordrag deur die Raad goedgekeur, vir gebruik om onder andere omsendbriewe, statutêre kennisgewings, finansiële state, ouditverslae, |

kennisgewings, volmagvorms en ander dokumente en inligting met betrekking tot die Koöperasie uit te reik, aan te bied, af te lewer, te beteken en op rekord te stel;

**"graan"** koring of gars of ontbythawer of enige ander tipe graan;

**"Klandisieverhouding"** soos omskryf in Artikel 1 en 44 van die Wet en gebaseer op die verhouding waarin die waarde van 'n lid se klandisie-omset met of deur die tussenkoms van die Koöperasie, staan tot die waarde van die klandisie-omset van al die lede met of deur die tussenkoms van die Koöperasie gedoen gedurende 'n bepaalde periode. Sodanige klandisie-omset sal bereken word met as grondslag 'n basis soos van tyd tot tyd deur die Raad bepaal; Met dien verstande dat die klandisie-omset wat 'n lid met of deur die tussenkoms van 'n bedryfsmaatskappy van die Koöperasie gehad het, in berekening gebring kan word tot die waarde van transaksies, waar die Koöperasie of bedryfsmaatskappy as agent of tussenganger optree, maar uitgesluit klandisie-omset wat die raad by besluit uitsluit;

**"klandisie-omset"** die waarde van transaksies wat vir die bepaling van die klandisieverhouding en/of winsverdeling in ag geneem word, naamlik transaksies tussen 'n lid en die Koöperasie en/of transaksies tussen 'n lid en 'n bedryfsmaatskappy met of deur die tussenkoms van die Koöperasie, ingesluit maar nie beperk tot die waarde van transaksies waar die Koöperasie of bedryfsmaatskappy as agent of tussenganger optree, maar uitgesluit die waarde van transaksies wat die raad by besluit uitsluit;

| | |
|---|---|
| **“Koöperasie”** | ‘n primêre landbou koöperasie bekend as **VILLIERSDORP PRIMÊRE KOÖPERASIE BEPERK**, wat reeds van te vore ingelyf is en waarvan hierdie die statuut is; |
| **“kredietbeleid”** | die geldende beleid, in terme waarvan die Koöperasie krediet verleen en toestaan, soos van tyd tot tyd deur die raad goedgekeur; |
| **“landbouprodukte”** | vrugte en ander landbouprodukte, wat ook graan insluit, maar wyn en ander wingerdprodukte uitsluit; |
| **“paragraaf”** | die ooreenstemmende paragraaf van hierdie Statuut; |
| **“Persoon”** | beteken natuurlike – en regspersone, trusts en ander geïnkorporeerde entiteite; |
| **“raad”** | die raad van direkteure soos bedoel in paragraaf 29 van hierdie statuut; |
| **"waarde van transaksies”** | met betrekking tot die bepaling van klandisie-omset, word verwys na die bruto bedrag wat ten opsigte van 'n toepaslike tydperk deur alle lede en andere betaal en/of betaalbaar is ten opsigte van transaksies tussen 'n lid en die Koöperasie en/of transaksies tussen ‘n lid en 'n bedryfsmaatskappy met of deur die tussenkoms van die Koöperasie; |

**NAAM**

3.1 Die naam van die koöperasie is **VILLIERSDORP PRIMÊRE KOÖPERASIE BEPERK** in Afrikaans.

3.2 In Engels sal dit bekend staan as **VILLIERSDORP PRIMARY CO-OPERATIVE LIMITED**.

3.3 Die Koöperasie mag ook handel dryf onder die verkorte naam: **VILKO**

**BESIGHEIDSPLEKKE**

4.1 Die koöperasie se hoof plek van besigheid is geleë te **Villiersdorp, Wes-Kaap Provinsie**.

4.2 Die koöperasie mag takke of depots te enige plek in die Republiek van Suid-Afrika stig.

**DOELSTELLINGS**

5. Die doelstellings van die koöperasie is:

[a] om die bemarking van landbouprodukte te onderneem;

[b] landbouprodukte te verwerk of 'n artikel daarvan te vervaardig en die produk of iets waarin dit aldus omgesit is of die artikel wat aldus vervaardig is, van die hand te sit;

[c] benodigdhede wat nodig is of gebruik word vir of in verband met boerdery te huur, te koop of andersins te verkry, en te verhuur, te verkoop of andersins te verskaf;

[d] om enige verbruiksartikel te huur, te koop of andersins te verkry, of te produseer of te vervaardig en te verhuur, te verkoop of andersins te verskaf;

[e] fasiliteite wat nodig is vir of tot nut is in verband met boerdery te huur, te skep of op te rig en te gebruik of vir gebruik beskikbaar te stel;

[f] dienste wat nodig is vir of tot nut is in verband met boerdery te lewer;

[g] om enige ander dienste met inbegrip van dienste wat betrekking het op die koop, verkoop en verhuur van onroerende landbou-eiendom, te lewer; en

[h] as agent of tussenganger in verband met versekeringsbesigheid in Artikel 3(1)(j) van Gedeelte 4 in Skedule 1 bedoel, op te tree.

**BEVOEGDHEDE**

6.1 Die koöperasie kan behoudens die bepalings van die Wet en hierdie statuut alles doen wat nodig is om sy doelstellings uit te voer en kan in besonder die bevoegdhede soos uiteengesit in Artikel 3(1) van Gedeelte 4 in Skedule 1, vir soverre dit nie strydig is met hierdie statuut nie, uitvoer.

6.2 Buiten die bevoegdhede in sub-paragraaf 6.1 vermeld maar behoudens die bepalings van die Wet en die bepalings van die statuut het die koöperasie onbeperkte bevoegdheid om enigiets te doen wat versoenbaar is met sy doelstellings en wat die Registrateur vooraf skriftelik goedgekeur het.

## LIDMAATSKAP

Lidmaatskap word gekwalifiseer ooreenkomstig Artikel 3(1)(a) en Artikel 3(2).

### AANSOEK OM LIDMAATSKAP

7.1 Aansoek om lidmaatskap en vir die aantal aandele wat 'n applikant om lidmaatskap wil opneem moet op die vorm, vir daardie doel verskaf, gedoen word. Elke applikant moet aansoek doen vir die minimum hoeveelheid aandele, welke hoeveelheid van tyd tot tyd deur die raad aanbeveel en deur die lede op 'n algemene vergadering goedgekeur word.

7.2 Elke aansoek om lidmaatskap word deur die raad oorweeg en die raad het die reg om 'n aansoek toe te staan of te weier op die gronde soos uiteengesit in Artikel 3(2).

7.3 Die raad moet binne drie (3) maande na ontvangs van 'n aansoek om lidmaatskap die applikant van sy besluit in kennis stel en ingeval 'n aansoek om lidmaatskap geweier word, word enige bedrag wat deur die applikant aan die koöperasie betaal is, aan die applikant terugbetaal.

### VERKRYGING VAN LIDMAATSKAP

8 ‘n Persoon word ’n lid van die koöperasie wanneer:

(a) Daar voldoen word aan die vereistes met betrekking tot lidmaatskap en goedkeuring van aansoek om lidmaatskap ooreenkomstig paragraaf 7 hierbo; en

(b) by die uitreiking of oordrag van 'n aandeel in die koöperasie aan sodanige lid; en

(c) die inskrywing van sodanige lid se besonderhede in die register bedoel in paragraaf 9.

**LEDEREGISTER**

9. 'n Register van lede van die koöperasie word in die geregistreerde kantoor van die koöperasie gehou en minstens die volgende besonderhede word daarin aangeteken –

   (a) die volle naam en adres van elke lid;

   (b) die volle name, van en adres van elke benoemde verteenwoordiger waar 'n lid 'n regspersoon of trust is;

   (c) die getal aandele wat elke lid hou;

   (d) die bedrag op die aandele van elke lid opbetaal;

   (e) die datum waarop 'n persoon lid geword het;

   (f) die datum waarop 'n lid opgehou het om lid te wees;

**UITREIKING VAN AANDELE**

10. Die aandele deur die koöperasie uitgereik, is almal van dieselfde klas, rangorde en nominale waarde. Voormelde sluit ook bonusaandele ooreenkomstig paragraaf 15 van die statuut in.

11. Die nominale waarde van elke aandeel is R2 (twee rand), welke bedrag ten volle by aansoek in geld betaalbaar is.

12. Elke nuwe lid wat aanspreeklik is vir betaling van gelde wat al betaalbaar is kragtens paragraaf 11 moet by aansoek om lidmaatskap in terme van paragraaf 7.1 die volle bedrag aldus betaalbaar aan die koöperasie betaal.

**AANDELESERTIFIKATE**

13. Aandelesertifikate word uitgereik op versoek van 'n lid en op gesag van die raad wat ook die vorm daarvan bepaal. Elke sertifikaat word onderteken deur 'n direkteur en 'n beampte daartoe deur die koöperasie gemagtig.

**AANSPREEKLIKHEID VAN LEDE**

14. Die aanspreeklikheid van 'n lid uit hoofde van sy lidmaatskap is behoudens die bepalings van die Wet op Grond en Landbouontwikkeling, 2002 (Wet 15 van 2002), beperk tot betaling van 'n bedrag gelykstaande met die nominale waarde van die aandele in die koöperasie deur hom gehou vir sover daardie bedrag nie opbetaal is nie.

**BONUSAANDELE**

15.1 Die koöperasie kan, by besluit van die jaarlikse algemene vergadering, volopbetaalde bonusaandele aan sy lede toewys.

15.2 Bonusaandele in sub-paragraaf 15.1 bedoel, word opbetaal uit die surplus wat uit die koöperasie se werksaamhede gedurende 'n boekjaar ontstaan het en aan die onderskeie lede toegewys –

(a) in die geval van 'n bedrag aldus toegewys ten opsigte van 'n doelstelling wat meebring dat die koöperasie se lede transaksies met hom of deur sy tussenkoms doen, volgens dieselfde verhouding as dié waarin die waarde van die transaksie deur 'n lid met betrekking tot daardie doelstelling gedurende die betrokke boekjaar met of deur die tussenkoms van die koöperasie gedoen, staan tot die waarde van die transaksies deur al die lede met betrekking tot daardie doelstellings gedurende daardie boekjaar met of deur die tussenkoms van die koöperasie gedoen;

(b) in die geval van 'n bedrag aldus toegewys ten opsigte van 'n doelstelling wat nie meebring dat die koöperasie se lede transaksies met hom of deur sy tussenkoms doen nie, volgens 'n grondslag deur die raad bepaal.

15.3 By die toepassing van sub-paragraaf 15.2, word die klandisieverhouding bepaal met verwysing na die boekjaar waarin die surplus waaruit die betrokke bonusaandele opbetaal word, betrekking het.

16. Die bepalings van toepassing op die in paragrawe 10 – 12 bedoelde aandele is *mutatis mutandis* van toepassing op aandele in paragraaf 15 bedoel.

## OORDRAG VAN AANDELE

17.1 'n Aandeel is oordraagbaar slegs met toestemming en magtiging van die raad, wat homself moet oortuig dat die voorgestelde oordragnemer bevoeg is om lid van die koöperasie te wees.

17.2 Die raad kan te eniger tyd, weier om 'n voorlangde oordrag goed te keur en te registreer.

17.3 Die oordrag ten opsigte van enige aandeel sal skriftelik wees in sodanige vorm en geteken op so 'n wyse as wat die raad van tyd tot tyd mag bepaal.

## INTREKKING VAN AANDELE

### INTREKKING BY STAKING VAN BOERDERY

18.1 Die aandele wat geregistreer is in die naam van 'n lid wat sy boerdery permanent gestaak het, word op skriftelike kennisgewing van die lid, op besluit van die raad ingetrek.

18.2 Na sodanige intrekking betaal die koöperasie, mits fondse volgens oordeel van die raad beskikbaar is (maar in elke geval nie later as 2 (twee) jaar na datum van intrekking nie), die bedrag opbetaal op die aandele aan die lid terug: Met dien verstande dat indien die waarde van die aandele volgens die jongste voltooide balansstaat van die koöperasie, minder is as die nominale waarde daarvan, betaal die koöperasie 'n bedrag gelyk aan die waarde van die aandele soos aldus bepaal .

### INTREKKING BY AFSTERWE OF SEKWESTRASIE/LIKWIDASIE VAN BOEDEL

19.1 Die aandele wat geregistreer is in die naam van 'n lid wat oorlede is of wie se boedel gesekwestreer of gelikwideer is, word op versoek van die Meester van die Hooggeregshof of die eksekuteur, kurator of die likwidateur in die boedel, by besluit van die raad ingetrek.

19.2 Na sodanige intrekking betaal die koöperasie, mits fondse volgens oordeel van die raad beskikbaar is, (maar in elke geval nie later as 2 (twee) jaar na datum van intrekking nie) die bedrag opbetaal op die aandele aan die Meester, eksekuteur, kurator of die likwidateur vir storting in die boedel: met dien verstande dat indien die waarde van die aandele volgens die jongste voltooide balansstaat van die koöperasie minder is as die

nominale waarde daarvan, betaal die koöperasie 'n bedrag gelyk aan die waarde van die aandele soos aldus bepaal.

**INTREKKING WANNEER LID ONAKTIEF IS**

20.1 Wanneer 'n lid vir 'n onafgebroke tydperk van 3 (drie) jaar geen besigheid met die koöperasie gedoen het nie of versuim het om die koöperasie van sy adresverandering in kennis te stel waardeur die koöperasie verhinder word om met hom in verbinding te tree, kan sy aandele op aanbeveling van die raad, by besluit van lede op 'n algemene vergadering, ingetrek word.

20.2 Na sodanige intrekking word die bedrag wat op die betrokke aandele opbetaal is, na 'n spesiale rekening, genoem "Onopgeëiste Aandele gelde" oorgedra. Indien geen eis deur die lid binne 3 (drie) jaar na sodanige oordrag teen die rekening ingestel en deur die koöperasie betaal word nie, word die betrokke bedrag aan die koöperasie verbeur en na die algemene reserwe van die koöperasie oorgeplaas: Met dien verstande dat indien die waarde van die aandele volgens die jongste voltooide balansstaat van die koöperasie minder as die nominale waarde daarvan is, word die bedrag wat oorgedra moet word, verminder tot die waarde van die aandele soos aldus bepaal .

**BEDANKING**

21.1 Indien enige leweringsooreenkoms wat die koöperasie met ‘n lid kragtens paragraaf 88 gesluit het ingevolge die bepalings van sodanige ooreenkoms beëindig word en nie vroeër, gelyktydig met of binne 3 dae na die beëindiging van sodanige leweringsooreenkoms vervang word deur ‘n nuwe leweringsooreenkoms nie, sal die lid geag word te bedank het met effek vanaf die beëindigingsdatum van sodanige leweringsooreenkoms: Met dien verstande dat die lid nie geag word aldus te bedank het nie indien die Raad die lid skriftelik voor sodanige beëindigingsdatum verwittig dat hy verlang dat die lid as lid van die koöperasie moet aanbly. Indien die koöperasie nie sodanige leweringsooreenkoms met ‘n lid gesluit het nie sal ‘n lid wat bedank het se bedanking slegs in werking tree aan die einde van ‘n boekjaar en dan slegs indien hy minstens drie (3) maande voor die einde van die boekjaar van die koöperasie kennis gegee het van sy bedanking. Die koöperasie moet in laasgenoemde geval so spoedig doenlik die ontvangs van sodanige kennisgewing

skriftelik erken. Sodanige kennisgewing word nie teruggetrek sonder die skriftelike toestemming van die Raad nie.

21.2 Die aandele van 'n lid wat aldus bedank het word by besluit van die raad ingetrek. Die bedrag, wat op die aandele wat ingetrek is, opbetaal is, word volgens oordeel van die raad en mits fondse beskikbaar is binne 'n tydperk van 2 (twee) jaar na datum van intrekking aan die gewese lid terugbetaal, met dien verstande dat indien die waarde van die aandele volgens die jongste voltooide balansstaat van die koöperasie minder as die nominale waarde daarvan is, is die betaalbare bedrag gelyk aan die waarde van die aandele soos aldus bepaal .

22 Enige bedrag wat kragtens paragrawe 18, 19, 20 en 21 deur die koöperasie betaalbaar is, word aangewend ter vereffening of gedeeltelike vereffening van enige skuld wat deur die gewese lid of sy boedel aan die koöperasie betaalbaar mag wees.

## SKORSING EN UITSETTING

23.1 'n Lid wat 'n bepaling van die statuut meer as 2 (twee) maal oortree of wat weier om aan so 'n bepaling te voldoen of om 'n verpligting na te kom wat deur die koöperasie kragtens die Wet of die Statuut of 'n kontrak op hom gelê is of wat hy onderneem het om na te kom kan –

(a) by besluit van die raad vir 'n tydperk soos deur die raad bepaal maar hoogstens tot datum van die eersvolgende jaarlikse algemene vergadering as lid geskors word;

(b) by spesiale besluit as lid geskors word vir 'n tydperk van nie langer as 12 (twaalf) maande van die datum waarop hy geskors word;

(c) by spesiale besluit uit die koöperasie gesit word.

23.2 Die skorsing van 'n lid kan te eniger tyd by besluit van die raad opgehef word.

24.1 'n Lid word nie kragtens paragraaf 23 geskors of uit die koöperasie gesit tensy hy vooraf skriftelik in kennis gestel is van die raad se voorneme om hom te skors of dat die raad aan lede 'n aanbeveling gaan maak dat hy geskors of uitgesit word nie.

24.2 Die kennisgewing aan so 'n lid moet die volgende besonderhede bevat –

(a) die gronde vir die voorgenome skorsing of uitsetting;

(b) 'n tyd wanneer en plek waar die lid persoonlik voor die raad met of sonder getuies kan verskyn of 'n skriftelike verklaring deur hom onderteken kan stuur waarin sy redes teen die skorsing of uitsetting aangegee word.

24.3 Die raad moet, indien daartoe besluit is om 'n lid te skors of uit te sit, hom skriftelik in kennis stel van –

(a) die datum waarop sy skorsing of uitsetting van krag word;

(b) hoe lank die skorsing sal geld;

(c) die tugmaatreëls wat toegepas sal word.

**TUGMAATREËLS**

25.1 Gedurende sy skorsing verbeur 'n lid sy reg om 'n algemene vergadering by te woon of om deur 'n gevolmagtigde te stem.

25.2 Die raad of sy lede by spesiale besluit kan bepaal dat sekere of alle transaksies met 'n lid gedurende die tydperk wat die lid geskors is, opgeskort word.

25.3 Die aandele van 'n lid wat uit die koöperasie gesit is, word by besluit van die raad ingetrek en by sodanige intrekking verbeur so 'n lid sy aandele.

## AANSPREEKLIKHEID TEN AANSIEN VAN VERBEURDE AANDELE

26. Alle gelde wat aan die koöperasie in verband met verbeurde aandele betaal is, word by die algemene reserwe gevoeg.

27. Wanneer aandele verbeur is, word kennis daarvan gegee aan die lid in wie se naam die aandele geregistreer was voor die verbeuring en 'n aantekening van die verbeuring, met die datum daarvan word onmiddellik in die register van lede gemaak.

28. Rente op aandelekapitaal of bonus of enige bedrag wat 'n lid toekom en wat deur die koöperasie aan die lid betaalbaar is, word gebruik vir afbetaling van oproepe op aandele en/of onopbetaalde bedrae op verbeurde aandele wat deur hom betaalbaar is maar nog nie betaal is nie op die tydstip waarop daardie rente of bonus of ander bedrag aan hom betaalbaar word.

## RAAD VAN DIREKTEURE

### BESTUUR VAN KOÖPERASIE

29. Die sake van die koöperasie word bestuur en beheer deur 'n raad bestaande uit minstens 6 (ses) en maksimum 8 (agt) direkteure, wat die bevoegdhede en pligte van die koöperasie behoudens die bepalings van die Wet en die statuut uitoefen en verrig. Die direkteure moet lede, of verteenwoordigers van regspersoon lede, aangewys ooreenkomstig paragraaf 58, van die Koöperasie wees.

30. Behoudens die bepalings van paragrawe 38 en 40 van die statuut word die direkteure op die jaarlikse algemene vergadering gekies.

31. Aftredende direkteure is herkiesbaar.

### PERSONE ONBEVOEG OM DIREKTEUR TE WEES

32. Behoudens die bepalings van Artikel 33(2) beklee iemand nie die amp van direkteur nie indien hy -

    a. Sonder toestemming van die raad enige ander bedryf of besigheid, anders as die in verband met die koöperasie of bedryfsmaatskappy/e, beoefen of bestuur waarvan die aard van sake wat onderneem word sodanig is dat dit volgens oordeel van die raad in mededinging met die koöperasie of bedryfsmaatskappy/e se eie sake plaasvind;

    b. Sonder toestemming van die raad direkteur is van 'n nie-koöperatiewe onderneming wat as sulks, volgens oordeel van die raad, in mededinging met die koöperasie handel dryf; of

    c. 'n amptenaar van die koöperasie is,of

d. die ouderdom van 70 (sewentig) jaar bereik het, voor die dag van verkiesing. ‘n direkteur wat die ouderdom van 70 jaar gedurende sy ampstermyn bereik kan dus die betrokke termyn kan voltooi.

**AMPSTERMYN**

33.1 Die ampstermyn van Direkteure is 3 (drie) jaar. Die direkteure tree jaarliks op die jaarlikse algemene vergadering afwisselend drie, twee en twee, af.

33.2 Die direkteure wat elke jaar moet aftree is dié wat hul amp die langste beklee het sedert hulle laaste verkiesing op die jaarlikse algemene vergadering, maar waar lede op dieselfde dag direkteure geword het, bepaal die dienende direkteure óf onderling óf deur middel van 'n stemming met stembriefies watter direkteure moet aftree.

**SKRIFTELIKE NOMINASIE VAN DIREKTEURE**

34.1 Behoudens die bepalings van Artikels 36, 38 en 40, is 'n lid, insluitende 'n aftredende direkteur, as direkteur verkiesbaar alleenlik indien hy skriftelik genomineer word.

34.2 Nominasie vorms, behoorlik geteken deur 2 (twee) lede wat bevoeg is om op die algemene vergadering te stem tesame met die skriftelike verklaring van die genomineerde dat hy homself verkiesbaar stel, moet minstens tien dae voor die datum bepaal vir die hou van die jaarlikse algemene vergadering waarop die verkiesing moet plaasvind, by die geregistreerde kantoor van die koöperasie ingedien word.

34.3 [a] Indien die getal kandidate wat genomineer is nie die getal vakatures op die raad wat gevul moet word oorskry nie word die genomineerde kandidaat of kandidate op die jaarlikse algemene vergadering as verkose verklaar.

[b] Indien die getal kandidate wat genomineer is die getal vakatures oorskry, word deur middel van stemming op die jaarlikse algemene vergadering 'n aantal direkteure uit die genomineerdes gekies wat gelyk is aan die vakatures.

[c] As geen of nie genoeg kandidate genomineer word om die getal vakatures op die raad te vul nie word die vakatures aldus veroorsaak as tussentydse vakatures beskou wat ingevolge paragraaf 38 gevul moet word.

35. Behoudens die bepalings van die statuut en die Wet word die prosedure waarvolgens direkteure gekies word deur die voorsitter van die vergadering bepaal.

**STEMMING VIR DIREKTEURE DEUR LEDE**

36. Behoudens die bepalings van paragraaf 34.3 hierbo, geskied die verkiesing van direkteure by wyse van 'n stemming per stembrief. By sodanige verkiesing is 'n lid verplig om vir soveel kandidate te stem as wat daar vakatures op die raad is wat gevul moet word en daardie kandidate wat die hoogste getal stemme kry word as verkose verklaar.

**REGISTER VAN DIREKTEURE**

37. In die geregistreerde kantoor van die koöperasie word 'n register van direkteure gehou waarin die volgende besonderhede ten aansien van elke direkteur aangeteken word -

a. sy volle naam en adres;

b. die datum van sy verkiesing;

c. die termyn van aanstelling; en

d. die naam en adres van elke koöperasie of maatskappy waarvan hy direkteur is.

**TUSSENTYDSE VAKATURE OP RAAD**

38. 'n Tussentydse vakature wat in die loop van die jaar op die raad mag ontstaan, kan gevul word tot die volgende jaarlikse algemene vergadering deur 'n persoon wat deur die oorblywende direkteure, onderhewig aan die bepalings van paragraaf 32, aangestel word. Op dié jaarlikse algemene vergadering word iemand behoudens die bepalings van die statuut verkies om die tussentydse vakature te vul. 'n Direkteur op sodanige jaarlikse algemene vergadering verkies, beklee nie die amp vir 'n termyn langer as die onverstreke gedeelte van die ampstermyn van die direkteur wie se amp vakant geraak het nie.

**AMPSONTRUIMING**

39. 'n Direkteur ontruim sy amp -

a. indien hy ingevolge paragraaf 32 van die statuut onbevoeg word om die amp van direkteur te beklee; of

b. as hy vir meer as 4 (vier) agtereenvolgende gewone vergaderings van die raad afwesig is sonder verlof van die raad (en sodanige verlof word nie toegestaan vir 'n tydperk wat oor meer as ses agtereenvolgende gewone vergaderings loop nie, tensy hy afwesig is in verband met die sake van die koöperasie); of

c. by verstryking van 30 (dertig) dae, of die korter tydperk wat die koöperasie goedkeur, nadat hy as direkteur bedank het; -of

d. as hy kragtens paragraaf 40 van sy amp onthef word.

**DIREKTEUR KAN VAN SY AMP ONTHEF WORD**

40. 'n Direkteur kan, na behoorlike kennisgewing, by besluit van 'n algemene vergadering van sy amp onthef word voordat sy ampstermyn verstreke is en 'n ander lid kan in sy plek op daardie vergadering gekies. Nominasies vir die verkiesing van sodanige lede direkteur word op die vergadering gemaak. Indien daardie vergadering nie die vakature vul nie, word dit as 'n tussentydse vakature beskou. 'n Aldus aangestelde of verkose direkteur, beklee sy amp nie vir 'n termyn langer as die onverstreke gedeelte van die ampstermyn van die direkteur wie se amp vakant geraak het nie.

**VOORSITTER EN ONDERVOORSITTER VAN DIE RAAD**

41.1 Op die eerste vergadering van die raad, wat na elke jaarlikse algemene vergadering van lede gehou word, of wanneer dit nodig is, kies die direkteure uit hul midde 'n voorsitter en 'n ondervoorsitter.

41.2 Die ondervoorsitter tree as voorsitter op wanneer laasgenoemde afwesig is of nie in staat is om as sodanig op te tree nie en indien sowel die voorsitter as die ondervoorsitter afwesig is of nie in staat is om die werksaamhede van die voorsitter te verrig nie, kies die raad 'n ander direkteur om as voorsitter waar te neem gedurende bedoelde afwesigheid of onvermoë.

**AMPSONTRUIMING DEUR VOORSITTER EN ONDERVOORSITTER**

42.1 Die voorsitter van die raad ontruim die voorsittersamp indien hy -

a. as voorsitter bedank;

b. ophou om 'n direkteur van die koöperasie te wees;

c. deur die raad van sy voorsittersamp onthef word.

42.2 Die bepalings van sub-paragraaf 1 is *mutatis mutandis* ten opsigte van die ondervoorsitter van die raad van toepassing.

**VERGADERING VAN DIE RAAD**

43.1 'n Vergadering van die raad word byeengeroep deur die raad of die voorsitter van die raad of enige twee direkteure van die koöperasie. Die persoon/e wat die vergadering byeenroep moet ook kennis van die tyd en plek waar die vergadering gehou gaan word gee.

43.2 ‘n Hoeveelheid van 1 (een) meer as die helfte van die verkose direkteure maak 'n kworum vir 'n vergadering van die raad uit.

43.3 Vraagpunte op 'n vergadering van die raad word deur 'n meerderheid van die direkteure op die vergadering beslis en in geval daar 'n staking van stemme is, het die voorsitter van die raad of iemand wat as voorsitter waarneem, benewens sy beraadslaende stem ook 'n tweede en beslissende stem.

43.4 BESLUITE VAN DIE RAAD ANDERS AS BY VERGADERING:

(a) Enige skriftelike besluit onderteken deur alle Direkteure, sal geag word ‘n geldige besluit deur die raad, sonder dat dit nodig is om uitvoering te gee aan die formele vereistes ten opsigte van die vergadering deur die raad.

(b) Alternatiewelik, kan ‘n besluit deur die raad, anders as by ‘n vergadering, geneem word op ‘n soortgelyke wyse as die prosedure vir lede soos in hierdie statuut bepaal. Die bepalings van paragraaf 56.4 hieronder sal met die nodige aanpassings van toepassing wees op ‘n besluit deur die raad.

Indien suksesvol, sal ‘n besluit op die wyse aangeneem, net so geldig wees soos ‘n besluit geneem by ‘n behoorlik gekonstitueerde vergadering van die raad.

43.5 ELETRONIESE DEELNAME AAN VERGADERINGS:

Daar is niks in hierdie statuut wat Direkteure verhoed om elektronies, by wyse van telefoon, of ander elektroniese kommunikasie middele aan vergaderings deel te neem nie, mits sodanige middele die Direkteur toelaat om voldoende met die vergadering te kan kommunikeer en daaraan deel te neem.

**BELANGE BY KONTRAKTE**

44. 'n Direkteur van die koöperasie wat in 'n ander hoedanigheid as direkteur, lid, geaffilieerde lid of behoorlik gemagtigde agent van die koöperasie oorweeg om aan te gaan, of 'n belang by 'n kontrak bekom nadat dit deur die koöperasie aangegaan is, moet volle besonderhede betreffende die aard en omvang van sy belang, ooreenkomstig die bepalings van Artikel 37, bekend maak. Sodanige direkteur mag nie ten opsigte van sodanige kontrak of voorgestelde kontrak met die koöperasie of 'n aangeleentheid wat daaruit voortspruit, stem nie en moet hom aan die bespreking daarvan onttrek. Indien hy aldus stem word sy stem nie getel nie.

**REGISTER VAN BELANGE IN KONTRAKTE**

45. Die koöperasie moet by sy geregistreerde kantoor in een van die amptelike tale van die Republiek 'n register van direkteursbelange in kontrakte hou en daarin besonderhede aanteken van elke bekendmaking van 'n belang kragtens paragraaf 44 van die statuut.

**NOTULE VAN VERGADERINGS**

46.1 Die raad moet behoudens die bepaling van Artikel 35 notule van alle verrigtinge op vergaderings van die raad of 'n komitee daarvan in Afrikaans of Engels laat hou en so spoedig moontlik na 'n vergadering laat aanteken in een of meer boeke vir daardie doel gehou by die geregistreerde kantoor van die koöperasie.

46.2 Die notule wat ingevolge sub-paragraaf 46.1 ten opsigte van 'n vergadering van die raad opgestel word, moet so gou doenlik, maar nie later as die eerste vergadering van die raad gehou na die vergadering waarop die notule betrekking het, aan 'n vergadering van die raad voorgelê word vir goedkeuring.

**BYWONINGSREGISTER**

47. Elke direkteur wat op 'n vergadering van die raad of komitee daarvan aanwesig is, moet op die vergadering sy naam teken onder die datum van die vergadering in 'n register met permanente ingebinde blaaie wat vir daardie doel gehou word. Sodanige register word in die geregistreerde kantoor van die koöperasie gehou.

**VERGOEDING**

48. 'n Toelaag wat deur die raad bepaal word mag aan 'n direkteur betaal word vir elke dag of 'n gedeelte daarvan waarop hy vergaderings van die raad bywoon of waarop hy vergaderings van 'n komitee wat deur die raad aangestel is, bywoon asook 'n toelaag per kilometer waar van privaatmotorvervoer gebruik gemaak word in die waarneming van die sake van die koöperasie.

49.1. Wanneer 'n direkteur reise, anders as met privaatmotorvervoer, in die waarneming van sake van die koöperasie onderneem, word die werklike koste van die reise aan hom vergoed.

49.2 Wanneer 'n direkteur aangestel word om spesiale dienste vir die koöperasie te verrig, word sy vergoeding deur die raad bepaal.

49.3 Die lede kan verder op die jaarlikse algemene vergadering besluit om aan direkteure 'n honorarium vir hul dienste gedurende die afgelope boekjaar toe te staan.

**REËLS EN BOETES**

50. Sonder om die bevoegdhede verleen ingevolge paragraaf 29 van die statuut in te kort, word hierby uitdruklik verklaar dat die raad bevoegdheid besit om -

a. reëls te maak mits hulle nie strydig is met die statuut nie;

b. 'n lid wat 'n bepaling van die statuut oortree of versuim om daaraan te voldoen of wat versuim om 'n verpligting na te kom wat deur die koöperasie kragtens die Wet of die statuut opgelê is of wat hy onderneem om na te kom, 'n boete op te lê. Die bedrag van die boete sal behalwe waar die statuut 'n ander bedrag bepaal, nie R20 000 (twintigduisend rand) te bowe gaan nie. 'n Lid is verder aanspreeklik vir enige verliese of skade deur die Koöperasie gely weens sy oortredings of versuim: Met dien verstande dat -

i. 'n boete nie opgelê word nie tensy die lid vooraf skriftelik in kennis gestel is van die raad se voorneme en die redes daarvoor en in die kennisgewing vermeld word dat die lid op 'n datum, tyd en plek daarin bepaal persoonlik voor die raad kan verskyn met of sonder getuies of dat hy aan die raad 'n skriftelike verklaring kan stuur wat deur homself en ander persone onderteken is en waarin sy redes teen die oplegging van die boete aangegee word. Die oplegging van die boete word uitgestel totdat die datum en tyd in die kennisgewing bepaal, verloop het;

ii. 'n boete opgelê, 'n skuld teenoor die koöperasie uitmaak en deur die koöperasie verreken kan word teen enige bedrag, insluitende voorskotte op landbouprodukte, wat deur die koöperasie verskuldig is, of deur die koöperasie in 'n bevoegde hof verhaal kan word;

iii. 'n boete aldus ingevorder in die algemene reserwe gestort word.

### DELEGERING VAN BEVOEGDHEID AAN 'N KOMITEE

51.1 Die raad kan een of meer van sy bevoegdhede aan 'n direkteur of aan 'n komitee van sy direkteure delegeer of 'n direkteur of komitee van direkteure magtig om 'n plig te verrig of as verteenwoordiger of agent van die koöperasie op te tree.

52.2 'n Aldus aangestelde direkteur of komitee van direkteure moet by die uitvoering van die bevoegdhede aldus oorgedra, aan die reëls voldoen en die voorskrifte nakom wat die raad in hierdie verband mag oplê of uitreik.

52.3 Die bepalings van paragraaf 46 is *mutatis mutandis* van toepassing op sodanige komitee.

## VERSEKERING

53. Die raad sorg vir versekering van die bates, insluitende kontant, teen verlies of skade en aanspreeklikheid van die koöperasie ten opsigte van gewone sakerisiko's en maak ook voorsiening vir sulke versekering ten aansien van produkte en ander goedere terwyl dit onder die sorg en beheer van die koöperasie is.

54. Benewens die versekering wat die raad kragtens paragraaf 53 uitneem ten einde onder andere voorsiening te maak vir enige gemeenregtelike aanspreeklikheid van die koöperasie, voortspruitende uit 'n ongeval wat 'n direkteur mag oorkom terwyl hy met sake van die koöperasie besig is, kan die raad, onderhewig aan die hierna genoemde voorwaardes, persoonlike ongevalleversekering ten opsigte van die direkteure uitneem:

   a. Die versekering kan op 'n voltydse grondslag uitgeneem word.

   b. Die koöperasie kan die volle premie betaal.

   c. Die versekering kan voorsiening maak vir doodsvoordele en permanente ongeskiktheidsvoordele asook vir tydelike ongeskiktheid om gewone professie of beroep voort te sit en vir die vergoeding van mediese koste as gevolg van liggaamlike besering.

   d. Enige voordeel wat die versekeraar aan die koöperasie uitkeer word na aftrekking van enige bedrag wat die betrokke direkteur aan die koöperasie mag skuld oorbetaal aan die direkteur, of by sy dood sy boedel.

## VERGADERING VAN LEDE

55. 'n Jaarlikse algemene vergadering van lede word binne 180 (honderd en tagtig) dae na die einde van elke boekjaar van die koöperasie gehou ten einde -

   a. die finansiële toestand van die koöperasie te oorweeg en die finansiële jaarstate met betrekking tot die afgelope boekjaar te behandel en goed te keur, asook die ouditeure se verslag vir die afgelope boekjaar goed te keur;

   b. die verslag van die raad aangaande die bedrywighede van die koöperasie met betrekking tot die afgelope boekjaar goed te keur;

c. direkteure te kies;

d. ander aangeleenthede wat ingevolge die Wet of die Statuut op die vergadering afgehandel kan of moet word en wat onder andere sal insluit die oorweging van die Koöperasie se toekomstige besigheid en die aktiwiteitsplan soos voorgestel deur die Raad;

e. algemene onderwerpe met betrekking tot die sake van die koöperasie, met inbegrip van klagtes wat lede mag indien, te behandel;

f. indien nodig, 'n ouditeur aan te stel.

56. Die koöperasie kan, benewens sy jaarlikse algemene vergadering, van tyd tot tyd buitengewone algemene vergaderings van sy lede hou ten einde enige aangeleentheid betreffende sy sake af te handel wat spesifiek in die kennisgewing wat die vergadering byeengeroep, uiteengesit word.

56.1 'n Jaarlikse algemene vergadering word op gesag van die raad byeengeroep.

56.2 'n Buitengewone algemene vergadering word byeengeroep -

a. deur die raad; of

b. deur minstens twee direkteure van die koöperasie; of

c. deur minstens 5 (vyf) lede van die koöperasie wat in getal minstens een-tiende van al die lede van die koöperasie uitmaak: Met dien verstande dat sodanige lede nie geregtig is om 'n buitengewone algemene vergadering te belê nie tensy hulle vooraf die raad skriftelik versoek het om so 'n vergadering te belê en so 'n vergadering nie aldus belê word binne 21 (een-en-twintig) dae na indiening van die versoekskrif nie, of daar om enige rede nie direkteure is aan wie so 'n versoekskrif gerig kan word nie.

56.3 Enige vergadering wat die ondertekenaars van die versoekskrif kragtens sub-paragraaf (2)(c) byeenroep, moet sover as moontlik op dieselfde manier byeengeroep en gehou word as die waarop vergaderings deur die raad byeengeroep en gehou moet word en enige redelike onkoste wat deur die ondertekenaars van die versoekskrif aangegaan is met die verkryging van die name en adresse van lede, met die uitstuur van

kennisgewings van die vergadering aan hulle en met die huur van 'n plek waar die vergadering gehou word, word indien aldus deur so 'n vergadering besluit, deur die koöperasie aan die ondertekenaars van die versoekskrif terugbetaal.

56.4 BESLUIT DEUR LEDE ANDERS AS BY ‘N VERGADERING:

‘n Besluit waaroor daar by ‘n ledevergadering gestem kan word, kan in plaas daarvan:

(a) Skriftelik voorgelê word vir oorweging deur al die lede wat daarop geregtig is om stemregte met betrekking tot die besluit uit te oefen.

(b) Alle lede wat geregtig is om stemregte met betrekking tot die besluit uit te oefen, moet ‘n tydperk van 20 (twintig) sakedae, nadat die besluit aan hulle voorgelê is, gegun word om skriftelik daaroor te stem;

(c) ‘n Besluit beoog in sub-paragraaf (a) hierbo, sal aangeneem wees indien dit gesteun is deur lede wat oor voldoende stemregte beskik om dit as gewone of spesiale besluit, na gelang van die geval, aan te neem indien dit by ‘n behoorlik saamgestelde ledevergadering aangeneem sou word.

(d) Indien ‘n besluit ooreenkomstig sub-paragraaf (c) hierbo aangeneem is, het dit dieselfde uitwerking asof dit deur stemming by ‘n fisiese vergadering van lede goedgekeur is.

(e) Binne 10 (tien) sakedae nadat ‘n besluit aangeneem is, of ‘n verkiesing van direkteure gehou is ingevolge hierdie paragraaf, moet die koöperasie ‘n verklaring waarin die uitslag van die stemming, toestemmingsproses of verkiesing beskryf word, lewer aan elke lid wat daarop geregtig was om te stem oor die besluit of verkiesing van direkteure.

56.5 ELEKTRONIESE DEELNAME AAN VERGADERINGS:

Daar is niks in hierdie statuut wat Lede verhoed om elektronies, by wyse van telefoon, of ander elektroniese kommunikasie middele aan vergaderings deel te neem nie, mits sodanige middele die lid toelaat om voldoende met die vergadering te kan kommunikeer en daaraan deel te neem.

## KENNISGEWING VAN ALGEMENE VERGADERING

57.1 'n Algemene vergadering word met minstens 14 (veertien) dae skriftelike kennisgewing aan elke lid van die koöperasie byeengeroep. Die kennisgewing reken nie die dag by waarop dit bestel word of geag bestel te wees en die dag waarop die vergadering plaasvind nie.

57.2 Die kennisgewing waardeur die vergadering belê word moet benewens die tyd en plek van die vergadering ook die doeleindes waarvoor die vergadering belê word, bevat.

57.3 'n Kennisgewing kan persoonlik bestel word of gestuur word per geregistreerde pos, faks, e-pos of ander vorm van elektroniese kommunikasie waarop kennis gegee kan word ooreenkomstig die Wet, saamgelees met die Wet op Elektroniese Kommunikasie en Transaksies (wet 25 van 2002), aan die Lede se laas bekende telefaks, e-pos of ander elektroniese adres wat aan die Koöperasie of ‘n bedryfsmaatskappy voorsien is.

57.4 'n Kennisgewing per pos word geag bestel te gewees het ‘n dag nadat die brief wat die kennisgewing bevat, gepos is, en by die bewys dat die kennisgewing per pos of ander vorm van elektroniese kommunikasie gegee is, is dit voldoende om te bewys dat die brief wat die kennisgewing bevat, behoorlik geadresseer en gepos of gestuur is.

57.5 Die nie-ontvangs deur 'n lid van 'n kennisgewing van 'n algemene vergadering van die koöperasie maak nie so 'n vergadering ongeldig nie.

57.6 Indien 'n kennisgewing van 'n vergadering deur die koöperasie terugontvang word omdat die lid aan wie dit gestuur is nie langer by die geregistreerde adres woonagtig is nie, word die koöperasie onthef van sy verpligtinge om verdere kennisgewings van vergaderings aan die betrokke lid te stuur tensy die lid te voorskyn tree en versoek dat sodanige kennisgewing na sy nuwe adres gestuur word.

## VERTEENWOORDIGING VAN REGSPERSONE OP ALGEMENE VERGADERINGS

58.1. 'n Lid wat 'n regspersoon is kan behoudens die bepalings van Artikel 30 'n natuurlike persoon skriftelik as sy verteenwoordiger magtig om namens hom op 'n algemene vergadering van die koöperasie op te tree.

58.2 Met behoud van Artikel 30, kan 'n lid van die koöperasie of 'n verteenwoordiger van 'n regspersoon, iemand wat nie ingevolge die bepalings van paragraaf 32 onbevoeg is om 'n direkteur van die koöperasie te wees nie, as sy gevolmagtigde aanstel om namens hom teenwoordig te wees, te praat en te stem op 'n algemene vergadering van die koöperasie: Met dien verstande dat –

a. 'n gevolmagtigde nie geregtig is om 'n stem uit te bring nie behalwe in 'n stemming met stembriefies;

b. 'n lid of 'n verteenwoordiger nie geregtig is om meer as een gevolmagtigde aan te stel nie;

c. dieselfde persoon nie as gevolmagtigde van meer as 5 (vyf) lede of sodanige verteenwoordigers kan optree nie.

**VOLMAGTE**

59.1 Die dokument waardeur 'n gevolmagtigde aangestel word, word in die vorm wat die raad goedkeur, opgestel.

59.2 Volmagte, behoorlik voltooi, moet by die geregistreerde kantoor van die koöperasie nie later nie as vier-en-twintig uur voor die tyd vasgestel vir die vergadering, ingehandig of afgelewer word.

59.3 Die hoofbestuurder of ander beampte wat namens die koöperasie optree, gee aan elke gevolmagtigde 'n bewys van die getal volmagte wat hy hou en wat die name van die lasgewer of lasgewers aandui. Mits die gevolmagtigde nie van enige gebrek in enige volmag wat deur hom gehou word, in kennis gestel word, is hierdie ontvangsbewys afdoende bewys op die vergadering van die getal stemme wat hy kan uitbring. Sonder hierdie ontvangsbewys word stemming deur volmag nie toegelaat nie.

59.4 As 'n lid twee of meer lede volmag gee om namens hom op dieselfde vergadering te stem sal die voorsitter, as hy bewus is van die toestand, volgens goeddunke óf al sy volmagte verwerp óf verklaar watter van die betrokke volmagte toegelaat moet word.

**KWORUM**

60.1 'n Kworum vir 'n algemene vergadering bestaan uit die getal van 5 (vyf) lede indien die totale aantal lede minder as 50 (vyftig) is. Indien die totale aantal lede 50 (vyftig) of meer is, bestaan ‘n kworum uit minstens 10 % (tien persent) van die lede van die koöperasie. Indien die aantal lede meer as 200 (tweehonderd) is, uit 20 (twintig) lede plus minstens 1% (een persent) van die getal lede wat die koöperasie meer as 200 (tweehonderd) het.

60.2 'n Lid wat deur 'n verteenwoordiger op 'n algemene vergadering verteenwoordig word, word vir die toepassing van sub-paragraaf 60.1 geag op die vergadering teenwoordig te wees.

60.3 Ondanks die bepalings van sub-paragrawe 60.1 en 60.2 bestaan 'n kworum op 'n algemene vergadering in geen geval uit minder as 5 (vyf) lede, met inbegrip van verteenwoordigers, wat in eie persoon ook teenwoordig is, nie.

61. Geen item van die verrigtinge op 'n algemene vergadering word behandel nie tensy 'n kworum van die lede teenwoordig is gedurende die tyd wanneer die vergadering daardie item oorweeg.

62.1 Indien daar binne 'n uur na die tyd wat vir 'n algemene vergadering bepaal is nie 'n kworum aanwesig is nie, word die vergadering -

a. indien dit deur lede of na aanleiding van 'n versoekskrif van lede belê is, geag gekanselleer te wees;

b. indien anders byeengeroep, word die vergadering verdaag tot dieselfde dag in die volgende week op dieselfde tyd en plek, of indien daardie dag 'n openbare vakansiedag is, tot die eersvolgende dag wat nie 'n openbare vakansiedag of Sondag is nie.

62.2 Indien dieselfde saal of gebou nie vir die verdaagde vergadering beskikbaar is nie, kan dit op 'n ander plek binne gerieflike afstand gehou word mits lede van die vergadering van die plek in kennis gestel word óf deur middel van 'n kennisgewing wat by die oorspronklike plek opgeplak is of op 'n ander wyse.

62.3 Indien daar binne een uur na die tyd bepaal vir 'n verdaagde vergadering weer geen kworum aanwesig is nie, word die aanwesige lede, mits hulle nie minder as vyf is nie, geag 'n kworum uit te maak: Met dien verstande dat 'n spesiale besluit nie deur so 'n vergadering aangeneem kan word nie.

**VOORSITTER VAN ALGEMENE VERGADERING**

63. Die voorsitter van die raad óf in sy afwesigheid die ondervoorsitter óf in die afwesigheid van albei, 'n ander direkteur deur die vergadering gekies, tree op as die voorsitter van 'n jaarlikse algemene vergadering of 'n buitengewone algemene vergadering kragtens paragrawe 56.1 en 56.2(a) & (b) byeengeroep.

64. Iemand deur die vergadering gekies, tree op as voorsitter van 'n buitengewone algemene vergadering wat kragtens paragraaf 56.2(c) byeengeroep is.

**STEMMING VAN LEDE**

65. Behoudens die bepalings van Artikel 3 van die Wet, (soos gewysig) het elke lid 1 (een) stem, maar by 'n stemming met stembriewe het elke lid wat in eie persoon teenwoordig is, of deur 'n verteenwoordiger/gevolmagtigde verteenwoordig word 'n addisionele stem of stemme volgens ‘n skaal wat op aanbeveling van die raad deur lede op 'n algemene vergadering goedgekeur word, met dien verstande dat geen lid oor meer as 17% (sewentien persent) van die totale stemme, wat ten opsigte van enige betrokke besluit op ‘n vergadering uitgebring word, sal beskik nie.

66.1 'n Aangeleentheid wat deur 'n algemene vergadering beslis moet word, word by wyse van 'n stemming deur die opsteek van hande of met stembriefies beslis.

66.2 'n Stemming met stembriefies word nie gehou nie tensy sodanige stemming geëis word deur minstens 5 (vyf) persone wat op die vergadering teenwoordig is en geregtig is om in 'n stemming met stembriefies te stem of die Voorsitter bepaal dat stemming by wyse van stembrief sal geskied.

66.3 'n Stemming met stembriefies word op so 'n wyse gehou as wat die voorsitter bepaal en by 'n stemming met stembriefies kan lede óf hul stemme self óf deur gevolmagtigdes uitbring.

Stemopnemers word benoem om die uitslag van die stemming per stembriefies vas te stel, welke uitslag deur die voorsitter van die vergadering as die besluit van die vergadering waarop die stemming geëis is, verklaar word.

66.4 'n Verklaring deur die voorsitter, dat die besluit deur die opsteek van hande of deur stemming met stembriefies, eenparig of deur 'n bepaalde meerderheid aangeneem is of dat dit verwerp is, en 'n aantekening tot dien effek in die notule van verrigtinge van die vergadering is afdoende bewys daarvan, sonder om bewys van die getal of die verhouding van stemme vir of teen so 'n besluit uit te bring.

67. Indien geen beswaar ingevolge die bepalings van die statuut teen die geldigheid van enige stem, hetsy met die opsteek van hande of by wyse van stemming met stembriefies, op die vergadering uitgebring, gemaak word nie, word elke stem wat op die vergadering nie verwerp is nie, geag vir alle doeleindes geldig te wees.

68. By staking van stemming, hetsy by die opsteek van hande of by 'n stemming met stembriefies het die voorsitter van die vergadering behalwe sy beraadslaende stem ook 'n tweede en beslissende stem.

69. Elke saak aan 'n algemene vergadering vir beslissing voorgelê, behalwe 'n saak wat ooreenkomstig die statuut 'n spesiale besluit vereis, word deur 'n meerderheid van stemme op die vergadering uitgebring, beslis.

**SPESIALE BESLUIT**

70. 'n Besluit van 'n algemene vergadering van die koöperasie, hetsy geneem by die algemene jaarvergadering of 'n buitengewone algemene vergadering, maak 'n spesiale besluit uit indien:

a. die kennisgewing waardeur die algemene vergadering belê is besonderhede van die voorgestelde besluit uiteen sit, met vermelding van die voorneme om die voorgestelde besluit vir aanname as 'n spesiale besluit voor te stel; en

b. die besluit aangeneem is -

i. in die geval van 'n stemming deur die opsteek van hande, deur nie minder nie as twee-derdes van die persoon wat op die vergadering

teenwoordig is en geregtig is om in 'n stemming deur die opsteek van hande te stem; of

ii. in die geval van 'n stemming met stembriefie, deur nie minder nie as twee-derdes van die stemme van die persone wat op die vergadering teenwoordig is en geregtig is om in 'n stemming met stembriefies te stem.

c. ‘n besluit wat betrekking het op -

i. die omskepping van die koöperasie in 'n maatskappy of in 'n beslote korporasie;of

ii. die likwidasie van die koöperasie,

moet aangeneem word deur minstens 75% (vyf-en-sewentig persent) van die stemme van al die lede van die koöperasie, in sowel die geval van 'n stemming deur die opsteek van hande as in die geval van 'n stemming met stembriefies.

**NOTULE VAN ALGEMENE VERGADERING**

71.1 Die koöperasie moet behoudens die bepalings van Artikel 31, notule van die verrigtinge op algemene vergaderings in een van die amptelike tale van die Republiek laat hou en so spoedig moontlik na die vergadering laat aanteken in een of meer boeke vir daardie doel gehou by die geregistreerde kantoor van die koöperasie.

71.2 a. Die notule van die verrigtinge moet by die geregistreerde kantoor beskikbaar wees vir insae aan die lede; en

b. by die volgende algemene vergadering voorgelê word vir goedkeuring.

**BEVOEGDHEID OM LENINGS TE SLUIT**

72.1 Die koöperasie leen nie geld of neem nie geld op of oortrek nie 'n bankrekening nie, behalwe ingevolge magtiging van 'n spesiale besluit: Met dien verstande dat die koöperasie sonder bedoelde magtiging geld kan leen of opneem of 'n bankrekening kan

oortrek tot 'n bedrag wat nie die helfte van die aandelekapitaal en algemene reserwe gesamentlik oorskry nie.

72.2 Geld wat tot die krediet van lede staan en in die lede se kapitaalfonds deur die koöperasie geadministreer geadministreer word by die toepassing van sub-paragraaf 72.1 nie geag geld te wees wat deur die koöperasie geleen of opgeneem is nie.

**BEPERKINGS TEN AANSIEN VAN ONVERSEKERDE LENINGS**

73. Indien hy deur lede daartoe kragtens paragraaf 72 van die statuut gemagtig is, kan die raad, behalwe die lenings wat deur sekere of alle bates van die koöperasie verseker is, die uitgifte van versekerde obligasies en lenings wat van die Landbank van Suid-Afrika, handelsbanke of enige ander finansiële instelling verkry is, ook lenings by sy lede aangaan onderworpe aan die volgende voorwaardes:

[a] Geen lening van 'n indiwiduele lid mag minder as R1 000 (een duisend rand) bedra nie en by die toepassing van hierdie paragraaf sal elke opeenvolgende lening van 'n bepaalde lid as 'n afsonderlike lening beskou word.

[b] Geen lening sal binne 12 (twaalf) maande na ontvangs terugbetaal word nie.

[c] Op lenings word rente betaal teen 'n koers wat die raad van tyd tot tyd bepaal.

[d] 'n Skuldbewys word ten opsigte van elke lening uitgereik.

[e] Die skuldbewys is slegs onder lede oordraagbaar en dan deur middel van 'n sessie wat behoorlik deur die koöperasie geregistreer is.

[f] Ontvangs van elke lening word erken deur die volgende skuldbewys wat een van die voorwaardes (ii) of (iii), hieronder gemeld, bevat:

***SKULDBEWYS***

***Ons, die ondergetekende direkteur en sekretaris van die ............................................. (naam van koöperasie) hierna die koöperasie genoem, erken hiermee die ontvangs van die som van R .........(.............. rand) van ............................................... (naam van) ............................ (adres) hierna die eienaar genoem, onderworpe aan die voorwaardes -***

***[i]*** ***Rente is teen ..........% (.......persent) per jaar of sodanige koers as wat die raad van tyd tot tyd bepaal, aan die eienaar op ...................... of op die datum van terugbetaling betaalbaar.***

***[ii]*** ***Die eienaar het nie die reg om terugbetaling te eis nie, maar die koöperasie kan te eniger tyd nadat hy die lening vir minstens 12 (twaalf) maande gehad het, die lening terugbetaal na minstens 30 (dertig) dae kennisgewing van sy voorneme om dit terug te betaal.***

***OF***

***[iii]*** ***Die lening is op die ................... dag van .......................... 20……. (wat nie minder as 12 (twaalf) maande vanaf die datum van hierdie skuldbewys mag wees nie) terugbetaalbaar: Met dien verstande dat die raad van die koöperasie terugbetaling mag uitstel indien die omstandighede van die koöperasie op die datum waarop die lening terugbetaalbaar is, sodanige uitstel noodsaak: Met dien verstande verder dat die raad van die koöperasie sy besluit om terugbetaling van 'n lening uit te stel, vir bevestiging aan die eersvolgende algemene vergadering van lede sal voorlê en indien die besluit van die raad nie by daardie vergadering van die koöperasie bevestig word nie, moet die lening binne 7 (sewe) dae na die datum van bedoelde vergadering terugbetaal word.***

***Gedateer te ................ op hede die ................. dag van ........................... 20 ...….***

***-----------------------------*** ***----------------------------***

***Direkteur*** ***Sekretaris***

**AANVAARDING VAN BEDRAE BETAALBAAR AAN LEDE AS LENINGS**

74. Nieteenstaande die beperkings wat deur die voorafgaande artikel opgelê is, kan die koöperasie, op skriftelike versoek van 'n lid, enige gelde wat ter goedertrou deur die koöperasie betaalbaar word óf as rente op aandelekapitaal óf as bonus op transaksies wat met die koöperasie of met tussenkoms van die koöperasie verrig is, teen of sonder betaling van rente ten behoewe van hom hou op voorwaarde dat so 'n lid skriftelik sy toestemming gee dat sulke gelde uitsluitlik na goeddunke van die raad terugbetaalbaar is.

**BANKREKENING**

75.1 Die Koöperasie open 'n bankrekening of bankrekenings in die naam van die Koöperasie waarin alle gelde ontvang so spoedig moontlik na ontvangs daarvan gedeponeer word.

75.2 Elektroniese betalings uit die bankrekening(s), word gemagtig deur een van die direkteure of, indien daartoe deur die raad gemagtig, die bestuurder of 'n ander senior beampte van die Koöperasie en word gesamentlik gemagtig deur die sekretaris of 'n ander senior beampte, daartoe gemagtig: Met dien verstande dat twee verskillende persone alle betalings moet magtig.

**BOEKJAAR**

76. Die boekjaar van die koöperasie eindig op die laaste dag van **September** in elke jaar.

**FINANSIËLE REKORDS**

77.1 Die koöperasie moet in een van die amptelike tale van die Republiek die finansiële state hou wat nodig is om die stand van sake en besigheid van die koöperasie redelik weer te gee en om die transaksies en finansiële toestand van die besigheid van die koöperasie te verduidelik en moet minstens die aantekeninge, registers en state soos uiteengesit in Artikel 47, insluit.

77.2 Die finansiële state moet gehou word by die geregistreerde kantoor van die koöperasie en moet te alle tye beskikbaar wees vir insae deur die direkteure.

## FINANSIËLE JAARSTATE

78.1 Die koöperasie moet, ooreenkomstig die bepalings van Artikel 47, ten opsigte van elke boekjaar van die koöperasie finansiële jaarstate in een van die amptelike tale van die Republiek laat opstel.

78.2 Die bepalings van Artikels 47 tot 55 is van toepassing op die finansiële jaarstate van die koöperasie en sy maatskappyfiliale.

## OUDITERING

79. 'n Ouditeur word aangestel, sy pligte gereël en sy vergoeding bepaal ooreenkomstig die bepalings van Artikels 49 tot 52.

## SURPLUS

80. Die surplus voortvloeiende uit die werksaamhede van die koöperasie gedurende enige boekjaar, word by besluit van die jaarlikse algemene vergadering vir daardie jaar, aangewend: met dien verstande dat –

(a) Minstens sodanige persentasie van die surplus, soos vereis deur Artikel 46, jaarliks na 'n reserwe oorgedra word, welke reserwe nie onder lede verdeelbaar is nie. Afgesien van voormelde kan daar jaarliks ’n verdere bedrag uit die surplus as ’n algemene – of gebeurlikheidsreserwe opsygesit word, welke bedrag nie minder mag wees as die bedrag deur die raad aanbeveel;

(b) die bedrag wat uit die surplus vir uitkering aan lede beskikbaar is slegs op een of meer van die volgende maniere aangewend word, naamlik –

(i) om rente teen 'n koers deur die raad bepaal aan lede op die bedrag wat hulle op die laaste dag van die boekjaar op hul aandele opbetaal het, te betaal;

(ii) ooreenkomstig die bepalings van paragraaf 81 bonusse aan lede te betaal.

**UITBETALING VAN BONUSSE**

81. Die bedrag in paragraaf 80(b)(ii) vermeld, word behoudens die bepalings van paragraaf 15, aan lede toegewys soos deur die raad besluit óf volgens die klandisieverhouding óf volgens 'n distribusieskema in paragraaf 82 hieronder voorsien. Die bedrag aan 'n lid toegewys, ooreenkomstig paragraaf 80, word op een van die volgende maniere aangewend –

(a) deur dit in kontant of gedeeltelik in kontant uit te betaal;

(b) deur bonusaandele vir toewysing aan lede, vol op te betaal: Met dien verstande dat gedeeltes van 'n bedrag wat 'n lid toekom en waarvoor 'n bonusaandeel nie volopbetaal kan word nie, by besluit van die raad ooreenkomstig paragrawe (a) en (c) van hierdie artikel aangewend kan word;

(c) deur dit in die Uitgestelde Bonusbetalingsfonds (een van die Ledebelangefondse, soos voorsien in paragraaf 85 hieronder, vir toekomstige betaling opsy te sit.

82.1 Indien die koöperasie twee of meer doelstellings uitvoer, kan ondanks die bepalings van paragraaf 81, betaling van bonusse aan sy lede volgens 'n distribusieskema waardeur die bedrag wat uit die surplus vir die betaling van bonusse beskikbaar is eers toegewys word ten opsigte van die verskillende doelstellings in die statuut van die koöperasie uiteengesit en wat deur die koöperasie uitgevoer is gedurende die boekjaar waarop die surplus betrekking het in dieselfde verhouding as dié waarin die werksaamhede van die koöperasie met betrekking tot die verskillende doelstellings elk tot die betrokke surplus bygedra het, en die bedrag van elke toewysing dan afsonderlik tussen die lede verdeel word ooreenkomstig ‘n distribusieskema.

82.2 By die toepassing van sub-paragraaf 82.1 –

(a) word 'n doelstelling wat meebring dat lede van die koöperasie transaksies met of deur die tussenkoms van die koöperasie in die koöperasie se hoedanigheid as 'n agent met 'n ander enititeit doen, geag 'n doelstelling te wees wat meebring dat die lede transaksies met of deur die koöperasie self doen;

(b) is die bepalings by die omskrywing van klandisieverhouding in paragraaf 81 *mutatis mutandis* met betrekking tot die verhouding bedoel in sub-paragraaf 82.1 van hierdie paragraaf van toepassing.

83. Die Koöperasie mag rente betaal op bedrae oorgeplaas na die Uitgestelde Bonusbetalingsfonds.

84. Enige rente op aandelekapitaal of enige bonus wat vir 'n tydperk van drie jaar vanaf die datum waarop sulke rente of bonus betaalbaar verklaar is, onopgeëis mag bly, mag by besluit van die raad aan die Koöperasie verbeur word en oorgedra word na die algemene reserwe.

**UITGESTELDE BONUSBETALINGSFONDS**

85.1 Die Uitgestelde Bonusbetalingsfonds (die fonds) is 'n ledefonds bedoel in Artikel 43 en alle bedrae kragtens paragraaf 81(c) na die fonds oorgedra, word in die onderskeie name van die lede in die boeke van die koöperasie gekrediteer.

85.2 Rente is betaalbaar op kredietsaldo's in die fonds teen 'n jaarlikse koers deur die raad van tyd tot tyd bepaal welke koers nie hoër sal wees as 1.5% (een punt vyf persent) bo die jaarlikse koers deur die Koöperasie se bank gehef op korttermynlenings nie. Indien daartoe besluit deur lede op die jaarlikse algemene vergadering word rente ooreenkomstig die bepalings van hierdie sub-paragraaf verdien, jaarliks in kontant uitbetaal: Met dien verstande dat alleenlik rente reeds verdien so uitbetaalbaar is.

85.3 Die saldo in die fonds mag afsonderlik belê word of mag deur die Koöperasie in die uitvoering van enige van sy doelstellings aangewend word: Met dien verstande dat dit nie vir die afskryf van bedryfsverliese aangewend mag word nie.

85.4 Enige geld of 'n gedeelte daarvan tot 'n lid se krediet in die fonds word aan hom uitbetaal mits die raad meen dat die koöperasie finansieel daartoe in staat is en verder in die omstandighede en onderhewig aan die voorwaardes hieronder uiteengesit:

85.4.1 Bydraes tot die fonds in die eerste jaar van die fonds se bestaan word eerste terugbetaal en daarna bydraes tot die fonds in die tweede jaar van die fonds se bestaan, ensovoorts.

85.4.2 By afsterwe of sekwestrasie van 'n lid wat 'n natuurlike persoon is of likidasie van 'n regspersoon of trust, word die geld in die fonds tot die krediet van die oorledene of insolvent, onderskeidelik aan sy boedel, kurator of likwidateur betaal.

85.4.3 Indien 'n lid die bedieningsgebied van die koöperasie permanent verlaat, sy boerdery staak en sy lidmaatskap as gevolg daarvan beëindig, word die geld tot sy krediet in die fonds aan hom terugbetaal: Met dien verstande dat geen sodanige betaling binne 'n periode van 12 (twaalf) maande nadat die betrokke lid sy boerdery gestaak het, sal geskied nie, tensy die raad op versoek van die betrokke lid 'n uitbetaling magtig voor die verstryking van die voormelde 12 (twaalf) maande.

85.4.4 Sou 'n lid sy lidmaatskap in die koöperasie op enige ander wyse beëindig, word die geld tot die krediet van daardie lid in die fonds aan hom terugbetaal ooreenkomstig die bepalings van paragrawe 85.4.1 tot 85.4.3 hierbo: Met dien verstande dat sodanige terugbetaling sal geskied binne 5 (vyf) jaar na beëindiging van sy lidmaatskap.

85.5 Die geld waarmee die lede in die fonds gekrediteer is, kan by die uitbetaling daarvan aan 'n lid of lede, deur die koöperasie, by wyse van skuldvergelyking, verreken word teen enige bedrag wat dan deur die betrokke lid of lede aan die koöperasie verskuldig en betaalbaar is.

85.6 Geld tot 'n lid se krediet in die fonds mag alleenlik aan 'n derde oorgedra word met goedkeuring van die raad: Met dien verstande dat so 'n derde 'n lid van die koöperasie moet wees.

85.7 'n Verbeurdverklaring van geld tot die krediet van 'n lid in die fonds in paragraaf 85 hierbo bedoel en die oordrag daarvan na die algemene reserwe van die koöperasie, word nie gemaak nie tensy die betrokke lid skriftelik kennis gegee is van die voornemende verbeurdverklaring en oordrag by sy adres soos in die lederegister aangeteken waarin hy 'n periode van nie langer nie as 6 (ses) maande gegun word om die bedrag op te eis.

85.8 Enige bedrag tot die krediet van 'n lid of gewese lid in die Uitgestelde Bonusbetalingsfonds wat vir 'n tydperk van 3 (drie) jaar vanaf die datum waarop dit aan hom betaalbaar word, onopgeëis bly, mag by besluit van die raad verbeurd verklaar en na die algemene reserwe van die koöperasie oorgedra word: Met dien verstande dat

so 'n oordrag nie gemaak word nie tensy die betrokke lid eers van die voorgenome oordrag gewaarsku is deur middel van 'n kennisgewing gestuur aan sy laaste adres wat in die lederegister aangeteken is en hy 'n geleentheid van minstens ses maande gegee is om die bedrag op te eis.

**VERDERE BEPALINGS TEN OPSIGTE VAN AANDELE EN LEDEFONDSE**

86.1 Vir die doel van paragrawe 18, 85 en ander verwante paragrawe, sal dit nie beskou word dat 'n lid sy boerdery gestaak het, indien een van die ondergenoemde omstandighede plaasvind nie -

[a] die lid sy boerderybelange aan sy/haar vrou / man / lewensmaat oordra;

[b] die lid sy boerderybelange oordra aan ‘n ander onderneming waarin hyself/syself, sy vrou/man ‘n belang het;

[c] wanneer enige of al voormelde persone hul boerderybelange oordra van een ondernemig na ‘n ander onderneming waarin enige of al voormelde persone ‘n belang het.

86.2 Indien enige van die bogenoemde plaasvind, word die aandele en ledefondse oorgedra na ‘n nuwe lid: Met dien verstande dat erfopvolging deur die lid se eggenoot en/of een of meer van sy kind(ers) nie deur bogenoemde bepalings geraak word nie en geskied ingevolge ‘n beleid soos deur die raad bepaal.

**BEVEILIGING VAN LEDEFONDSE VAN DIE KOÖPERASIE**

87.1 Bedrae wat tot krediet van elke afsonderlike lid in die ledefonds staan, die opbetaalde aandelekapitaal van elke lid, asook ander bedrae deur die koöperasie aan ‘n lid verskuldig, word hierkragtens deur sodanige lede sedeer en verpand as sekuriteit vir die nakoming van alle bestaande en toekomstige skulde van sodanige lede teenoor die koöperasie. Hierdie sessie en verpanding is ‘n deurlopende sekuriteit en bly voortbestaan vir solank iemand lid is, ongeag of die lid van tyd tot tyd geen bedrag aan die koöperasie verskuldig mag wees nie.

87.2 Die belange van lede en gewese lede in die fonds, die opbetaalde aandelekapitaal van elke lid asook ander bedrae deur die koöperasie aan ‘n lid verskuldig sal nie vatbaar wees vir beslaglegging deur ander skuldeisers van sodanige lede nie.

**LEWERING VAN PRODUKTE**

88. Dit is die doelwit van hierdie koöperasie dat elke lid, met uitsondering van wat hy vir sy eie gebruik nodig het, al sy vrugte, en ander landbouprodukte aan die koöperasie sal lewer, mits die koöperasie in staat is om daarmee te handel: Ten einde hierdie doelwit te verwesenlik sal die koöperasie hom beywer om leweringsooreenkomste met sy lede te sluit. Nieteenstaande die voorafgaande mag die koöperasie ook:

[i] Leweringsooreenkomste met lede sluit ingevolge waarvan die koöperasie slegs ‘n gedeelte van sodanige landbouprodukte van sodanige lede hanteer: en

[ii] Leweringsooreenkomste met nie-lede sluit.

89. Elke lid kan al sy graan aan die koöperasie lewer, mits die koöperasie in staat is om daarmee te handel.

90. Elke lid betaal ‘n maksimum boete soos deur die Raad bepaal van 25% van die heersende markwaarde van die landbouprodukte wat hy versuim om ooreenkomstig ‘n leweringsooreenkoms waarna in paragraaf 88 verwys word, af te lewer en is ook verantwoordelik vir enige verlies of skade deur die koöperasie gely weens sy versuim om te lewer met die uitsondering van die spesiale geval in paragraaf 91 genoem.

91. Ingeval 'n lid deur omstandighede buite sy beheer verhinder word om sy landbouprodukte of 'n gedeelte daarvan ingevolge ‘n leweringsooreenkoms waarna in paragraaf 88 verwys word, aan die koöperasie te lewer, kan hy van sy verpligtinge ten opsigte van die lewering van sodanige landbouprodukte, of 'n gedeelte daarvan, onthef word mits hy die raad onmiddellik in kennis stel van die gebeurtenis en die redes waarom hy nie kan lewer nie en die Raad sy verduideliking aanvaar.

92. Elke lid wat ‘n leweringsooreenkoms waarna in paragraaf 88 verwys word met die koöperasie gesluit het, moet op ‘n datum en in ‘n vorm soos deur die Raad bepaal aan die koöperasie skriftelike besonderhede verskaf ten opsigte van die benaderde grootte,

kwaliteit en variëteit van sy verwagte oes ten opsigte van die produkte vermeld in sodanige leweringsooreenkoms en die hoeveelheid van elke variëteit van sodanige produkte wat hy vir eie gebruik sal benodig.

93. Enige lid wat versuim om aan die bepalings van paragraaf 92 te voldoen, is onderhewig aan betaling van 'n boete van R1000 (Eenduisend Rand) wat by die algemene reserwe gevoeg word in welke geval die bepalings van sub-parafraaf 50(b) van toepassing is.

94. Al die landbouprodukte moet behoorlik geklassifiseer en gemerk word. In die geval van 'n dispuut oor die afgelewerde landbouprodukte is die beslissing van die raad of sy verteenwoordiger bindend.

95. Elke lid wat ‘n leweringsooreenkoms waarna in paragraaf 88 verwys word met die koöperasie gesluit het , moet sy landbouprodukte ingevolge die bepalings van sodanige leweringsooreenkoms aan die koöperasie aflewer.

96. Geen voorskot word aan 'n lid betaal voordat die landbouprodukte ten opsigte waarvan so 'n voorskot gemaak moet word aan die koöperasie gelewer is nie.

97. Die lid sedeer hiermee aan die koöperasie enige eis wat hy tans of in die toekoms teen enige persoon mag hê in verband met die landbouprodukte van die lid wat die koöperasie kragtens hierdie statuut in ontvangs geneem het of enige verwerking daarvan. Die koöperasie mag in sy uitsluitlike diskresie besluit of regsaksie ingestel moet word vir die doeleinde van verhaling van betrokke bedrae verskuldig deur sodanige persoon of by die verhaling van betrokke skadevergoeding van sodanige persoon en alle koste daaromtrent sal ooreenkomstig die bepalings van hierdie statuut hanteer word.

**BETALING AAN LEDE**

98. Die landbouprodukte van lede word volgens goeddunke van die raad slegs op een of meer van die volgende wyses mee gehandel -

[a] die raad kan die landbouprodukte verpoel, dit geheel of gedeeltelik verwerk, of 'n artikel daarvan vervaardig en die produk of iets waarin dit aldus omgesit is of die artikel wat aldus vervaardig is van die hand sit;

[b] die raad kan die landbouprodukte verpoel en dit in 'n onverwerkte toestand van die hand sit; of

[c] die raad kan die landbouprodukte van die hand sit sonder om dit te verpoel of te verwerk.

99. Betaling aan lede vir landbouprodukte deur die raad behandel op die wyse in paragrawe 98(a) en (b) voorgeskryf, geskied soos volg -

[a] Die landbouprodukte word volgens soort en kwaliteit verpoel.

[b] Jaarlikse poele of poele vir sodanige korter tydperk as wat die raad besluit, word gehou.

[c] Lede kan 'n voorskot ontvang op die landbouprodukte deur hulle aan die koöperasie gelewer indien die koöperasie in staat is om so 'n voorskot te gee. Die bedrag van die voorskot word van tyd tot tyd deur die raad vasgestel maar dit sal in geen geval 75% (vyf en sewentig persent) van die heersende markwaarde van die landbouprodukte te bowe gaan nie.

[d] Van die totale opbrengs deur die koöperasie ontvang vir die landbouprodukte of iets waarin dit omgesit is of die artikels aldus vervaardig, word 'n bedrag afgetrek gelyk aan -

[i] al die direkte onkoste deur die koöperasie aangegaan in die verwerking, bewerking, hantering en verpoeling van die landbouprodukte;

[ii] spoorvrag, vraggeld, vervoerkoste, versekering, agente kommissie (indien enige) en enige gelde van welke aard ookal wat 'n direkte verband het met die verwerking en die van die hand sit van die produkte en vervaardigde artikels;

[iii] rente op voorskotte ooreenkomstig hierdie artikel gemaak;

[iv] 'n kommissie wat deur die raad vasgestel word maar wat in geen geval 10% (tien persent) van die netto opbrengs deur die koöperasie vir die produkte ontvang, te bowe gaan nie; en

[v] vaste koste soos deur die Raad bepaal.

[e] [i] Die gemiddelde pryse ontvang vir elke soort of kwaliteit van die landbouprodukte gedurende die bestaan van die poelrekening, min die aftrekkings in (d) hierbo vermeld, word dan aan die lede wat die landbouprodukte gelewer het pro rata tot hul aflewerings uitbetaal: Met dien verstande dat die raad na goeddunke verskil in betalings vir landbouprodukte van verskillende gehalte, grade of grootte of variëteite wat in dieselfde poel behandel is, mag maak: Met dien verstande verder dat die onderlinge bydraes wat betrokke lede tot die vaste koste van die koöperasie ingevolge (d)(v) hierbo moet maak, deur die Raad bepaal sal word en kan dit van tyd tot tyd deur die raad gewysig. Die Raad sal behoorlike oorleg met die lede pleeg alvorens ‘n betrokke formule of gewysigde formule in werking gestel word. Die Raad sal verder gemagtig wees om ‘n formule te ontwikkel waarkragtens die bydraes wat nie-lede, wat landbouprodukte aan die koöperasie lewer wat ingevolge paragrawe 98(a) en (b) hanteer word, tot die vaste koste van die koöperasie moet maak bepaal word welke formule van tyd tot tyd deur die Raad gewysig mag word en mag verskil van die voorafgaande formule ten opsigte van lede.

[ii] Hierdie uitbetalings word by die afsluiting van die poelrekening gemaak en is onderhewig aan die aftrekking van voorskotte wat lede op sulke landbouprodukte ontvang het.

100. Betaling aan lede vir landbouprodukte deur die raad behandel op die wyse in paragraaf 98(c) voorgeskryf, geskied soos volg -

[a] Lede mag 'n voorskot ontvang op die landbouprodukte deur hulle aan die koöperasie gelewer as die koöperasie in staat is om so 'n voorskot te gee. Die bedrag van die voorskot word van tyd tot tyd deur die raad vasgestel maar dit sal in geen geval 60% (sestig persent) van die heersende markwaarde van die landbouprodukte te bowe gaan nie.

[b] Die werklike prys verkry, word aan die betrokke lede betaal sodra dit ontvang is min -

[i] alle direkte onkoste deur die koöperasie aangegaan in verband met die hantering, vervoer, spoorvrag, vraggeld, versekering, agente kommissie en enige ander gelde van welke aard ookal wat 'n direkte verband het met die van die hand sit van die landbouprodukte;

[ii] rente op voorskotte ooreenkomstig hierdie artikel gemaak;

[iii] 'n kommissie wat deur die raad vasgestel word maar wat in geen geval 10% (tien persent) van die netto opbrengs deur die koöperasie vir die landbouprodukte ontvang te bowe gaan nie; en

[iv] vaste koste soos deur die Raad bepaal.

Hierdie uitbetalings is onderhewig aan die aftrekking van voorskotte wat lede op sulke landbouprodukte ontvang het.

[c] Die onderlinge bydraes wat betrokke lede tot die vaste koste van die koöperasie ingevolge (b)(iv) hierbo moet maak, sal deur die Raad bepaal word en kan van tyd tot tyd deur die Raad gewysig word. Die Raad sal behoorlik oorleg met lede pleeg alvorens ‘n betrokke formule of gewysigde formule in werking gestel word. Die Raad sal verder gemagtig wees om ‘n formule te ontwikkel waarkragtens die bydraes wat nie-lede, wat landbouprodukte aan die koöperasie lewer wat ingevolge paragraaf 98(c) hanteer word, tot die vaste koste van die koöperasie moet maak bepaal word welke formule van tyd tot tyd deur die Raad gewysig mag word en mag verskil van die voorafgaande formule ten opsigte van lede.

101. Ingeval die voorskotte deur die koöperasie aan 'n lid betaal op enige landbou-produk hoër is as die netto prys waarmee daardie lid gekrediteer word ooreenkomstig paragrawe 99 en 100 word die te veel betaalde bedrag as 'n lening beskou en is dit deur daardie lid, wat dit ontvang het, onmiddellik terugbetaalbaar.

102. Op alle voorskotte op landbouprodukte word rente bereken teen dieselfde koers as wat deur die koöperasie betaal word op geld deur die koöperasie geleen of anders teen die heersende handelsbankkoers op oortrokke rekenings.

**HEFFING OP KORING EN WINTERGRAAN**

103. Die raad kan van jaar tot jaar besluit om ‘n heffing op losmaat lewerings koring en wintergraan te plaas wat aangewend sal word om kapitale delgings en kostes wat spesifiek ten opsigte van losmaat lewerings koring en wintergraan aangegaan is, te delg.

**VERSKAFFING VAN BENODIGHEDE EN KREDIET AAN LEDE**

104. Die raad kan na goeddunke krediet aan enige goedgekeurde persoon verleen ooreenkomstig die Koöperasie se kredietbeleid en in terme van die Nasionale Kredietwet (wet 34 van 2005).

105. Alle vorme van kredietverlening sal plaasvind onderhewig aan die Koöperasie se statutêre pand, soos verleen in Artikel 4 van Gedeelte 4 van Skedule 1 van die Wet.

**WYSIGING VAN STATUUT**

106. Die statuut van die koöperasie kan alleen by spesiale besluit gewysig word.

107. In die geregistreerde kantoor van die koöperasie word die sertifikaat van inlywing gehou asook 'n ware afskrif van sy statuut, welke dokumente gedurende kantoorure beskikbaar is ter insae van lede.

**AANSTELLING VAN KOMITEE DEUR LEDE**

108.1 By besluit van 'n algemene vergadering van lede of van 'n vergadering van die raad kan 'n komitee of persoon aangestel word vir die uitvoering van spesiale werk wat wenslik geag word.

108.2 Sodanige aangestelde komitee moet by die uitvoering van die spesiale werk aan hom opgedra aan die reëls voldoen en die voorskrifte nakom wat die lede en/of die raad aan hom mag oplê of uitreik.

**SKEIDSREGTER**

109. Ingeval daar met betrekking tot die statuut van die koöperasie ‘n geskil met lede ontstaan wat moontlik op ‘n vriendskaplike wyse besleg kan word, word ‘n buitengewone algemene vergadering byeengeroep waarop 3 (drie) lede as skeidsregters gekies word. Die skeidsregters sal poog om die geskil binne 14 (veertien) dae na die vergadering te bemiddel. Die skeidsregters sal slegs as bemiddelaars optree en hulle bevinding sal nie bindend op die partye wees nie.

**MEDIASIE / ARBITRASIE**

110. (1) Indien enige verskil of geskil tussen die koöperasie en enige van sy lede ontstaan voortspruitend, kragtens of ten opsigte van enige bepaling van hierdie statuut of die uitleg daarvan of die nakoming of nie-nakoming van enige voorskrif of verpligting ingevolge hierdie statuut, word sodanige verskil of geskil verwys na ‘n enkele arbiter of mediator, oor wie die partye betrokke by sodanige verskil of geskil, moet ooreenkom.

(2) Indien sodanige partye nie binne 14 (veertien) dae na skriftelike versoek deur enigeen van die betrokke partye vir die aanstelling van ‘n arbiter, oor ‘n enkele arbiter of mediator kan ooreenkom nie, word ‘n arbiter of mediator op versoek van enige een van die partye deur die Voorsitter van die Wes-Kaapse Balieraad aangestel. Die verrigtinge sal gevoer word soos tussen die partye ooreengekom, of by ontstentenis aan sodanige ooreenkoms, soos deur die arbiter of mediator bepaal.

(3) Die besluit of toekenning van die arbiter of die mediator is finaal en bind sodanige partye en kan 'n bevel van 'n hof met bevoegde jurisdiksie gemaak word.

(4) In die geval van enige geskil oor die bedrag geld deur 'n lid verskuldig of betaalbaar aan die koöperasie ingevolge die bepalings van hierdie statuut, is 'n sertifikaat deur die koöperasie se ouditeure op daardie tydstip geteken, prima facie bewys van die verskuldigde bedrag.

**ALGEMEEN**

111. Die koöperasie tree eisend en verwerend op in die naam van die koöperasie en alle volmagte en dokumente in verband daarmee word onderteken deur die voorsitter van die raad of 'n ander in daardie hoedanigheid wettiglik optredende direkteur en deur die sekretaris.

112. Enige onroerende eiendom deur die koöperasie verkry en gehou, word in die naam van die koöperasie geregistreer.

**LIKWIDASIE**

113.1 In geval van likwidasie van die koöperasie kan die waarde van die transaksie wat 'n voormalige lid, uitgesonderd 'n lid kragtens paragraaf 23 uit die koöperasie gesit, gedurende die toepaslike tydperk in sub-paragraaf 113.2 bedoel, met of deur die tussenkoms van die koöperasie gedoen het, bygetel word by die waarde van die transaksies van 'n lid wat op 'n toewysing kragtens Artikel 75(5) geregtig is, mits die voormalige lid, of, indien hy dood is, sy eksekuteur, binne 90 dae nadat daardie voormalige lid opgehou het om 'n lid van die koöperasie te wees, sy skriftelike toestemming te dien effekte by die koöperasie ingedien het.

113.2 Die klandisieverhouding in Artikel 75(4) en (5) bedoel, word bepaal vir 'n tydperk van 5 jaar wat die aanvang van die likwidasie van die koöperasie voorafgegaan het.

**VERVANGING VAN STATUUT**

114. Die huidige statuut van die koöperasie, wat deur die Registrateur te Pretoria geregistreer is op 19 Mei 2010, tesame met alle wysigings daarvan, word herroep en met hierdie statuut vervang.

---